Nuusbrief 161

5 Oktober 2009

Beste Lede

OORSIG VAN STREEKSVEGADERINGS

Dankie aan die lede wat die onlangse rondte streeksvergaderings asook die jaarlikse algemene vergadering bygewoon het, ten spyte van poskantoorstakings in dieselfde tyd as wat die uitnodigings gepos is. Daar is steeds bekommernis oor die tekort aan bywoning van behandelaars in sekere streke, veral in die lig van etlike belangrike sake wat bespreek is en waar die insae van die behandelaars noodsaaklik is omrede die sake direkte invloed op hulle mag hê.

CHEMIESE FORUM EN UITVOERENDE KOMITEE VERGADERINGS

'n Besluit is tydens die onlangse Uitvoerende Komitee vergadering, gehou op 16 September 2009, geneem dat uitreksels van die notules van die Chemiese en Uitvoerende Komitee vergaderings voortaan in die nuusbriewe ingesluit sal word. Die rede hiervoor is om te verseker dat daar goeie kommunikasie sowel as deursigtigheid tussen die Forum en Uitvoerende Komitee en al die lede sal wees, aangaande besluite geneem tydens die vergaderings sowel as deurgee van inligting rakende projekte waarmee SAWPA besig is. Onder "Nuus brokkies" is daar juis meer inligting oor die positiewe uitvloeisel van een van die kleiner projekte waarmee ons gehandel het. Al die sake wat tydens die onlangse steekvergaderings bespreek was, was op die agendas van beide die Chemiese Forum en die Uitvoerende Komitee vergaderings gehou op 15 en 16 September. Die volgende drie sake, by die Forum en Uitvoerende Komitee bespreek, is van die belangriker sake waaroor die lede terugvoering moet kry.

Chemiese Forum Status: Daar was besluit dat die Chemiese Forum in sy huidige hoedanigheid sal voortgaan maar dat enige lid, vroegtydig kan reël om die vergaderings by te woon vir deelname. Die Chemiese Forum en Uitvoerende komitee is van mening dat dit nog altyd wel die geval was. Vooraf vasgestelde datums sal gedurende Januarie 2010 vir alle vergaderings, insluitende streeks-, chemiese forum, uitvoerende komitee en algemene jaarvergaderings bekend gemaak word aan die lede. Lede is dan welkom om die vergaderings by te woon en punte vir bespreking vroegtydig op die agendas te plaas, en moet asseblief nie huiwer om ons in die verband te kontak nie.

Nuwe Afvalbestuurregulasies: Die nuwe regulasies bepaal dat geen aanleg meer chemiese afval, bv KCA slyk, vir langer as drie maande op die perseel mag stoor nie hetsy die aanleg geregistreer/gelisensieër is as 'n afvalbestuursmaatskappy en dat, slegs geregistreerde/gelisensieërde afvalverwyderingsmaatskappy die chemiese afval mag verwyder. Die regulasie se impak op ons bedryf was by beide die chemiese forum en uitvoerende komitee bespreek en daar was besluit dat die hantering daarvan deel sal vorm van die "Environmental Charter" werksgroep wat binnekort sal vergader.

Voorgestelde Regulasies vir die Registrasie van Plaagbeheeroperateurs: Die voorgestelde regulasies was by die uitvoernde komitee bespreek en in die huidige bewoording, sal dit direkte impak op alle industriële behandelingsaanlegte hê. Daar was besluit dat SAWPA met die Departement van Landbou vergader om die voorgestelde Regulasie te bespreek. (Meer inligting oor die voorgestelde regulasie en die uitslag van die vergadering met die Registrateur word verder in die nuusbrief uiteengesit)

NUWE DRUKSILINDER REGULASIES

SAWPA het uiteindelik klaring vanaf die Departement van Arbeid gekry oor die interpretasie van die nuwe Druksilinderregulasies. Dit blyk nou dat 'n paar onbedoelde foute tydens die ontwikkeling van die regulasies ingekruip het wat dan ook veroorsaak het dat veskeie industrieë waarop die regulasies betrekking het/mag hê twyfel gehad het oor die toepassing daarvan. Ons is daarop gewys dat regualsie (6) wat betrekking het op gebruikers, ook bedoel was om deel te maak van die uitsluitsels in regulasie 2(2) en in die lig hiervan het regulasie (6) geen betrekking op druksilinders in gebruik of op bestelling voor die datum van publikasie van die nuwe regulasies nie. Neem egter kennis dat die uitsluitsel nie van toepassing is op druksilinders met interne stoom pype vir verhitting van kreosoot nie.

Indien lede onseker is of die regulasies op hulle van toepassing is of nie, moet hulle asb met SAPWA in verbinding tree. Die Departement van Arbeid het wel ook genoem dat moontlike insluiting van alle driksilinders in ons bedryf in die toekoms nie noodwendig uitgesluit sal bly nie.

Die uitsluitsel van druksilinders in gebruik voor die publikasie van die nuwe regulasies het betrekking op die uitsluitsel in vorige regulasies soos gepubliseer GNR 1591 van 4 October wat spesifiseer: "*…but does not include (b) a vessel in which the pressure is exerted by a liquid the temperature of which does not exceed the boiling point of the liquid at atmospheric pressure and in which a cushion of gas or vapour cannot form above the liquid"*. Indien u dus ' druksilinder gebruik wat buite hierdie limiete bedryf word soos deurgegee in die 1996 regulasies, is die nuwe regulasies outomaties van toepasssing op jou aanleg.

NUUTSTE OOR NRCS GOEDKEURINGS PROSES EN DIE IMPLIMENTERING VAN DIE VERPLIGTE SPESIFIKASIE

Na aanleiding van 'n onlangse besoek aan 'n verteenwoordiger van NRCS wil ons graag die volgende terugvoer gee. Die 3de Oktober, soos gemeld in die staatskoerant van 3 April 2009, sal nie die implementerings datum van die verpligte spesifikasie VC 9101 wees nie. Die implementering is onderhewig aan die beskikbaarstelling van die amptelike aansoekvorm deur die NRCS, genoegsame tyd vir die behandelingsaanlegte om die aansoekvorms te voltooi en in tedien, en om goedkeuring van die NRCS te verkry. Weens die feit dat NRCS nog steeds in die proses is om die aansoekvorms te ontwerp en dat daar eers nog konsulterende vergaderings met die belanghebende partye en hul verteenwoordigers rakende die heffings moet plaasvind, is ons van mening dat die implementering op die vroegste eers in Januaie 2010 mag plaasvind. Die NRCS is tans nie in die posisie om hulle te bind met datums nie en dit is dus 'n kwessie van "dit sal gereed wees waneer dit klaar is". SAWPA het reeds namens ons lede begin met die proses om al die nodige dokumentasie en inligting vir voldoening, wat die aansoekvorms moet vergesel, in te win.

VOORGESTELDE REGULASIES VIR DIE REGISTRASIE VAN PLAAGBEHEEROPERATEURS

SAWPA was in die bevooregte posisie om, deur een van on Chemiese verskaffer lede, te hore te kom van die voorgestelde regulasies (gepubliseer Februarie 2009) vir die Registrasie van plaagbeheeroperateurs voordat dit vir finale goedkeuring in die parlement gaan. Die voorgestelde regulasies sluit huidig die term "Wood Preservation" in en bepaal dus indirek dat alle houtverduursamingsaanlegte se operateurs sowel as ander werkers direk betrokke by die behandelingsproses spesifieke plaagbeheer opleiding moet ondergaan en ook aansoek moet doen by die Departement van Landbou, Bosbou en Vissery vir registrasie as 'n plaagbeheeroperateurs. Tydens 'n vergadering met die Registrateer is daar ooreengekom dat SAWPA die geleentheid gegee sal word om 'n skrywe te rig aan die Departement ten einde the apelleer en die uitlating van Industriële behandelingsaanlegte uit die voorgestelde regulasie te motiveer. Die skrywe is reeds op die 22ste September aan die registrateur gerig en ons wag tans op sy terugvoer.

SAWPA het gedurende Augustus en September 2009 onderskeidelik 17773 en 18940 besoeke aan ons Webtuiste gehad

Ons heg ook 'n artikel aan wat onlangs in "Building Africa" tydskrif, August 2009 Vol 9 No 8 veskyn het

---

NUUSBROKKIES

In Julie 2009 het ons te hore gekom van 'n aanverfbare houtseëlaar wat in die handel beskikbaar is wat 'n plaag/swamdoder bevat en nog nie geregistreer is by die Department van Landbou nie. SAWPA het die vervaardiger/verspreider van die produk genader en hulle het kennis geneem van ons bekommernisse en het onmiddellik onderneem om tot tyd en wyl die produkregistrasie afgehandel is, alle reklame sowel as die produk, van die mark te verwyder. (Afskrifte van die korrespondensie is beskikbaar by SAPWA).

SAWPA aanvaar geen verantwoordilikheid vir enige aansprake wat in die nuusbrief gemaak word nie.

BRUCE BREEDT

SAWPA, Posbus 686, Isando 1600
Tel: 011 974 1061 Faks: 011 392 1995 Webtuiste: www.sawpa.org.za epos: sawpa@global.co.za Tolvry: 0800 113 630